DIE WITFLITZ

Julie 2026

# BLOU IS ONS TROTS!






Blou is die berge, blou is die blazers van meer as 800 kinders. Blou is die kleur van trots en blou is die kleur van Witteberg.

23 Mei 2026- een van die grootste derby dae wat Bethlehem nog ooit gesien het. Die 50ste derby vind plaas op ‘n onvergeetlike naweek van ‘n mengelmoes van blou, geel, rooi en swart. BVHS het as die tuisskool vir hierdie jaar se derby opgetree.

Die spanning bou al die hele derbyweek op. Dit is geesvang en nog geesvang, dit is in gewone klere skool toe gaan en hard oefen op die sportvelde. Die eerste fluitjies blaas al op 22 Mei vir die hokkiespanne. Die paviljoen is vol, die toeskouers daal in swerms op die astro neer . Witteberg sluit die eerste 7 wedstryde met 4 wenne af.

Die groot dag het uiteindelik aangebreek. Mense van ver kom soek al dou-voordag n plekkie op die paviljoen.

Die eerste meisiehokkiespan draf met trots en tog n bietjie senuwees wat knaag uit. n Naelbytende wedstryd vind plaas en ons hokkie meisies speel met ‘n vuur wat binne hulle brand. ‘n Vuur wat brand vir hulle blou familie. Hulle verower die wen teen Voortrekker vir die eerste keer in agt jaar. En einding met ‘n juigende skare en ‘n telbord wat sê: “2-1”.

Twee wedstryde van senutergende tellings vind op dieselfde tyd plaas. Die netbal meisies sweet hulle harte op die baan uit. Die telling bly na aan mekaar, maar ongelukkig eindig die wedstryd in Voortrekker se guns en verloor Witteberg se eerste span netbal 37-31.

Op dieselfde tyd loop die gees hoog rondom die astro. Die eerste seunshokkiespan maak geskiedenis en wen vir die eerste keer ooit hul derby wedstryd teen Voortrekker drie jaar na mekaar. Hulle sluit ‘n ongelooflike wedstryd af met ‘n oorwinnende telling van 5-3. En die blou massa bars van trots.

Die groot wedstryd, die wedstryd waarvoor daar vir so lank gewag is, die wedstryd van die jaar. Witteberg begin met die bal en Chriswin Delport skop die wedstryd onder duisende oë af. Voortrekker speel ‘n barshou in die eerste helfte en met halftyd staan die telling op 26-0 in BVHS se guns. Witteberg se manne laat sak egter nie hulle koppe nie en kom terug met nuwe veg in hulle harte. Hulle kom terug om hulle alles op die veld te los, hulle harte en hulle siele vir die skool op die veld agter te laat.

Witteberg gee egter nie op nie en voor die eindfluitjie blaas staan die telling op 26-21 in Voortrekker se guns.

Die wedstryd einding met ‘n see van swart en geel wat die rugbyveld oorvloei, maar wen of verloor, die blou harte bloei van trots vir ons manne in rooi truie.

KALEB LANDGOED GASTEHUIS
**Anrie Meintjes**
Cell: 082 458 4778

# "Ek mis die klaskamer," sê mnr. Mike

HELENE-MARI SPIES

**Wanneer het meneer by Witteberg begin skoolgee en hoe het meneer spesifiek hier beland?**

Ek was oorspronklik by Henties Cilliers, maar het toe in 1991 hier by Witteberg begin skoolgee. My vrou het 'n werk hier gekry, en toe ek die pos by Witteberg sien adverteer, het ek daarvoor aansoek gedoen. Ek het aansoek gedoen vir die departementshoofpos vir Biologie en is aangestel — en so het my Witteberg-reis begin.

**Watter vakke het meneer buiten Biologie gegee?**

Ek het oor die jare baie verskillende vakke gegee. Wiskunde Geletterdheid vir graad 10, 11 en 12 was een daarvan, asook Natuurwetenskappe vir graad 8 en 9. Ek het selfs op 'n stadium Lewensoriëntering gegee. In die laaste paar jaar wat Witteberg landbouvakke aanbied, gee ek ook Landbouwetenskap. Dit is vir my lekker om met verskillende vakke te werk, want elkeen bring sy eie uitdaging en manier van dink.

**As meneer nou enige ander vak kon gee, wat sou dit wees?**

Ek sou graag weer Wiskunde Geletterdheid wou gee. Ek hou daarvan omdat dit 'n baie praktiese vak is. Dit maak sin in die werklike wêreld en leerders kan dit makliker toepas in hulle daaglikse lewens.

**Onder hoeveel hoofde het meneer al gewerk en wat was elkeen se impak op Witteberg as skool?**

Ek het onder verskeie hoofde gewerk, en elkeen het 'n unieke bydrae gelewer. Meneer Louw Odendaal was baie dinamies en het 'n sterk energie in die skool ingebring. Meneer Botha het Witteberg beslis tot 'n hoër vlak geneem, veral deur sy goeie bestuursvermoë. Meneer Coenie Venter het weer nuwe hoogtes en geleenthede geskep en sy stempel duidelik op die skool afgedruk. Ons voormalige hoof, Meneer Hannes Oosthuizen, het 'n unieke kultuur gevestig en dinge op 'n baie gebalanseerde manier benader — hy was bekend as die "gentleman" van Witteberg.

**Wat was een van die grootste veranderinge op Witteberg se skool- of sportgronde?**

Een van die grootste veranderinge was beslis die bou van die B-rugbyveld. Daarbenewens was die oprigting van die Indoor-sport sentrum en die uitbreiding van koshuise ook groot mylpale. Maar as ek een moet uitsonder, was die B-rugbyveld 'n besonderse groot stap vir sport by Witteberg.

**Wat was vir meneer die grootste verandering van onderwyser vir so lank wees, tot waarnemende skoolhoof?**

Die grootste aanpassing is dat ek die klaskamer mis. Ek het onderwys studeer, omdat ek daarvan hou om met kinders te werk. Om nie meer daagliks met leerders in die klas interaksie te hê nie, is 'n groot verandering. Dis iets wat 'n mens werklik leer om te waardeer.

**Hoe het skoolkinders oor al die jare verander?**

Kinders vandag het beslis 'n vryer stem as vroeër jare. Sosiale media speel 'n groot rol en gee hulle toegang tot verskillende opinies, wat nie noodwendig negatief is nie. Hulle is ook baie gemakliker rondom onderwysers en bring soms situasies in die klas wat 'n mens laat lag en wat jy vir altyd onthou. Kinders bly kinders — net in 'n ander tyd.

**Wat is vir meneer die grootste verandering wat Witteberg beleef het?**

Die grootste verandering is beslis in krieket. Witteberg se krieket is tans baie sterker as in die verlede. Toe ek hier begin skoolgee het, het ek self ook krieket afgerig en gespeel, so ek kan die groei duidelik sien en dit maak my baie trots.

**Wie is meneer se grootste ondersteuningsnetwerk?**

Die administratiewe personeel is baie ondersteunend, saam met my bestuurspan en meneer Ackerman. Die personeel oor die algemeen is ongelooflik ondersteunend — ek kan nie regtig iemand uitsonder nie, want almal dra by. Selfs die leerders speel 'n groot rol in daardie ondersteuningsnetwerk.

**Watter raad kan meneer vir Witteberg gee om in die toekoms verandering aan te pak, maar steeds ons identiteit te behou?**

Glo in God, glo in mekaar en glo in jou onderwysers. Witteberg staan soos 'n familie saam, en as ons so aanhou, sal ons sukses behaal. Verandering is onafwendbaar, maar ons identiteit lê in hoe ons saamstaan en mekaar ondersteun.






















DIE WITFLITZ

# Dankie, Witflitz-redaksie!













# Matric results made Witteberg proud

ANDISIWE Ngqabukweni

Witteberg learners continue to raise the school's pride by obtaining outstanding Matric results. Witteberg High School achieved a pass rate of 99.3% and an 83.7% bachelor pass rate, with 141 learners writing the 2025 National Senior Certificate examination.

Witteberg is proud to announce that during the Free State "Well Done Function" of the Department of Education, which took place in Bloemfontein on 16 January 2026, four Witteberg learners were placed in the Top 50 achievers in the Free State following the conclusion of the National Senior Certificate examinations.

The following learners were included: Jané de Villiers achieved an exceptional result by finishing 9th in the Free State with an average of 93%, and is also among the Top 10 achievers in Afrikaans Home Language.

Hugh Enslin was placed 11th in the Free State with an average of 92.42%, and was further named among the Top 10 achievers in Physical Science.

Amy Kotzé achieved 31st place in the Free State with an average of 88.5%, while Keryn Woodage took 49th place with an average of 88.25%, and is also among the Top 10 achievers in Mathematics.

Witteberg once again stands with pride and is proud to share this wonderful news, as it confirms the school's outstanding academic excellence.













# Grade 8 learners enter a new world

LUCILLE SNYMAN

Grade 8 is not for the faint-hearted, and our newcomers can proudly say they have survived their first week — not only survived it, but truly lived it!

Our new Grade 8 learners started on 14 January 2026, and by 16 January they could already say they are part of the Blue Mass.


Their first week was filled with fun! They enjoyed exciting dress-up themes and made the most of break times. From rolling on the grass to cloud-watching, it was definitely something to see. Big dragging suitcases and confused faces soon turned into satisfied smiles, showing that they knew they were where they belong. Our Grade 8 hostel learners were carefully looked after like "babies" and did their best to remember all the Matrics' names. They missed home and mom's cooking, but by Friday they realised: "hostel bread makes strong people."

The Grade 8s used the following words to describe their first week: "confused, exciting, unbelievable and fantastic." We all know that your first week in high school is an experience of its own. We can proudly say that today's Grade 8 learners are tomorrow's leaders. Enjoy every moment, Aggies — before you know it, you'll be Matric!









IL CASTELLO
CLARENS
A SUBTLE TASTE OF ITALY
right here in the heart of the Free State
Breathtaking panoramic mountain views.
Exceptional food. Warm, unhurried hospitality.
Book table & let us do the rest
(E) bookings@ilcastello.co.za (W) 079 500 1914
www.ilcastello.co.za (T) 058 256 1543









# A warm welcome to the Witteberg family!

ZOË HATHRON

Plot twist: the person telling you to put your phone away might actually have more TikTok drafts than you.

This year, Hoërskool Witteberg welcomed six new teachers to our family. From hockey lovers and hikers to rugby coaches and artists, each of them brings something unique to our school community. Here's your chance to get to know them a little better.

Juffrou Leandi Campher – English FAL (Grades 8–11)

You can call her Lili. She chose Witteberg because of its welcoming atmosphere and hopes her classroom will be a safe space.

"I want to be the kind of teacher I needed when I was younger."

When she's not teaching, she enjoys hockey, watercolour painting, horses and scrapbooking. Her celebrity crush is Henry Cavill, and teaching is her dream job.

Mnr Robert-Andrew Adshade – Mathematics, Mathematical Literacy & Life Orientation

Guess who has a crush on Tate McRae and isn't afraid to admit it? That would be Mnr Vleis.

This is his first teaching post, and he also coaches rugby at Witteberg. He loves Mathematics because it allows him to interact with learners and help them succeed.

If he weren't a teacher, he would probably be a professional athlete. His favourite colour is green, and if you ever need help with Maths, don't hesitate to ask—he genuinely wants to help.

Juffrou Lizaan Pienaar – English (Grades 8–12)

After teaching at Teneo Online, Juffrou Lizaan joined Witteberg because of its awesome learners.

She enjoys bringing lessons to life through acting and often uses different accents in class. Her passion for sport eventually grew into a passion for mentoring young people.

Her dream job?

"Yes — until I win the lotto."

Her celebrity crush? Sean Connery.

Mnr Henno Bekker – Life Sciences & Mathematics

Always on the move, Mnr Henno enjoys gym, hiking and a game of padel whenever he gets the chance.

A former Witteberger himself, he has returned home to teach. He describes himself as a people person who enjoys solving problems.

Teaching is his dream career, his favourite colour is blue, and his celebrity crush is Miranda Cosgrove.

Juffrou Jandri de Bruyn – Business Studies & EMS

Previously at Hoërskool Warmbad, Juffrou Jandri says she followed "that still small voice" to Witteberg.

She loves teaching Business Studies and EMS because they are subjects learners use in everyday life. Her goal is to help learners realise their full potential.

Grade 12 learners are her favourite to teach, and if she could choose any job in the world, she would love to be paid to travel it. Her hobbies include drawing, painting and doing puzzles, while Tom Welling tops her celebrity crush list.

Juffrou Carike Erasmus – Business Studies, Afrikaans, English & Social Sciences

For Juffrou Carike, teaching at Witteberg is not just a first job.

"The way I got the job at Witteberg was the Lord holding His hand over me."

She loves the supportive environment where learners are encouraged to grow and staff members genuinely care for one another.

With a BCom degree in Business Studies and Marketing, she chose teaching because it provides a platform to make a difference in young people's lives. Grade 8 learners are her favourite, and teaching is 100% her dream job.

She also coaches netball, enjoys jogging, loves coffee and is happiest when surrounded by people. Olive green is her favourite colour, and Zach Bryan is her favourite artist.

Although each teacher comes from a different background, they all chose Witteberg for the same reason: the people, the community and the opportunity to make a difference.

# Who is the teacher behind the teacher?

LEXI WILLEMSE

Every morning they arrive armed with coffee, lesson plans and the magical ability to know exactly who was talking at the back of the class! To us they are simply teachers but who are they when the bell rings?

What is their favourite song? What is their favourite way to spend a Friday evening? What are their hidden talents?

Well... Teacher Lenka's favourite way to spend her Friday evening is reading in her garden or going for a nice walk! She says it's her favourite day of the week because she can relax completely! Believe it or not but she is a very big Rock and Punk fan and enjoys listening to bands like Bush, Nirvana and Smashing Pumpkins. She doesn't want to admit it but she is also an undercover "Swifty"! She says she loves open water swimming and has competed in several competitions!

Sir Riaan is definitely not someone you want to mess with because he qualified for SA Power lifting and was a Semi-Professional boxer but he also shined in the PUK choir now that's what I call a hidden talent! He thought about becoming a veterinarian but now he won't give up teaching for anything in the world he loves teaching just as much as we love his brownies! His music taste, he says, depends on his mood.

Like the drama queen she is, teacher Francie wanted to become an actor and would have loved to have her own talk show. If she is not spending her Friday afternoons watching Real Life Crime Documentaries you'll find her on the golf course she has played on 11 different courses in the past 11 months with Pinnacle point being her favourite! The best advice she has received? "Life isn't about finding the perfect path but taking every step with purpose and gratitude towards God".

The next time you pass a teacher in the hall, remember behind every lesson is a life, behind every rule is a reason and behind every teacher is a real person with a story worth telling!







# Snoepie- en kantoortannies skool se hartklop

AMÉ POTGIETER

Witteberg se snoepie is al jare lank die plek waar honger leerders hul pouses begin en eindig. Suzan en Francina, die geliefde snoepietannies, staan elke oggend vroeg gereed om die dag se geure, glimlagte en stories aan die gang te sit.

Hulle werk ure lank om seker te maak dat elke leerder iets vars, lekker en bekostigbaar in die hand het – van toebroodjies en koeldrank tot die skool se trots, die beroemde Go Slos, wat dikwels vinniger verdwyn as wat dit uitgepak kan word.

Die snoepie is egter veel meer as net 'n plek waar kos verkoop word. Dit is 'n ontmoetingsplek, 'n geselsplek en 'n klein gemeenskap op sy eie. Jaques en Kobus van Pletzen stap gereeld in met 'n grappie of 'n kwinkslae, terwyl Gian Prins só gereeld daar te sien is dat hy byna as 'n "deeltydse werknemer" bekend staan. Hierdie leerders bring lewe, lag en soms 'n bietjie chaos – presies die soort energie wat Suzan en Francina se dag ophelder.

Maar die hart van die skool klop nie net by die snoepie nie. Die kantoortannies vorm die ander helfte van Witteberg se onmisbare ondersteuningspan. Tannie Annemarie, Tannie Marthie, Tannie Inge, Tannie Karlien, Tannie Charloretha en Tannie Corné sorg dat die administrasie glad verloop, al sien min mense die hoeveelheid werk wat daagliks agter die skerms plaasvind.

Hulle help met vorms, afrolwerk, navrae, verlore items, boodskappe, telefoonoproepe en al die klein daaglikse uitdagings wat net 'n kantoortannie met 'n rustige glimlag kan hanteer. Hulle ken die leerders net so goed soos die snoepietannies: wie altyd haastig is, wie gereeld iets vergeet, wie nog 'n vorm benodig en wie eintlik net daar instap vir 'n geselsie.

Met hul geduld, warmte en indrukwekkende vermoë om verskeie take tegelyk te hanteer, vorm hulle die stil dryfkrag wat die skooldag vlot laat verloop.

Saam vorm Suzan, Francina en die vyf kantoortannies die sagte, maar kragtige hartklop van Hoërskool Witteberg. Hulle dra elke dag by tot die unieke gees van die skool – 'n plek waar leerders nie net leer nie, maar ook gesien, gehelp en versorg word.

Hulle is dalk nie altyd in die kollig nie, maar sonder hulle sou Witteberg beslis nie dieselfde gewees het nie.











# Agter elke bynaam skuil 'n (regte) naam

HEILENE MEINTJES
(Lien Wasmeintjes)

Uys, soos 'n sakkie ys? Vreemd né hoe een woord, sin of frase jou hele bestaan in 'n oogwink kan verander. Soms gebeur dit per ongeluk en in sommige gevalle doelbewus. Gewoonlik is dit gebaseer op voorkoms, gedrag, 'n gebeurtenis of ontstaan dit bloot deur 'n afleiding. Noemnaam, skuilnaam, spotnaam, familienaam, doopnaam, troetelnaam, roepnaam en uiteindelik vorm dit 'n bynaam.

Byname het oorspronklik ontstaan om tussen algemene name te onderskei. Dus het Lang-Jan, Bang-Jan, Slim-Jan en Jan-Jan-Jan ontstaan.

Juf. Bredies, Mnr. Mighty Mike, Mnr. Akkies, Juf. Fransie, Frank, Kitsie, Baby Kitsie, Inge-pienks, Plettie, Pottie, Polo, Lappie, Spies, Sumies, Arries, Bulla, Brood, Kabous, Mouse, Muis, Mieke Agste Man en Kwagga — agter elke bynaam skuil 'n onvertelde storie.

Mnr. Vleis (Mnr. Andrew) het sy bynaam by stoei gekry. In Graad 3 het Mnr. Andrew 60 kg geweeg, en daarom is hy Vleis gehernoem. Mnr. Vleis het verder vertel dat hy tans weeg wat hy in Graad 7 geweeg het.

Boesman (Franko, Graad 9) het sy bynaam by ons voormalige hoofseun, Pieter Nel, gekry. In sy eie woorde: "Pieter het gesê ek lyk hard." Daarom is hy Boesman.

Al ooit gehoor van Riaan van der Merwe? Ek het onlangs uitgevind dit is Bees (Graad 10) se regte naam. Bees se pa het vir hom dié troetelnaam op 'n jong ouderdom gegee. Sy vriende het hom ook as Bees leer ken. Hy vertel dat hy op sy vraestelle "Bees van der Merwe" skryf, want hy is as Bees in die skool ingeskryf. Slegs by formele funksies soos prysuitdelings staan "Riaan van der Merwe" bo-aan sy sertifikate. Hy het vinnig bygevoeg: "Ek verkies Bees, Riaan klink té ernstig."

Alvino, wat as Boeta bekend is vir sy medespelers, het sy naam gekry omdat hy die "broer" van die span is.

Krulle (Chriswin Delport) het 'n bos krulle gehad in sy kinderjare.

Assie (Francois, Graad 8) het sy bynaam by sy tannie gekry.

Jan-Wurm (Jan-Willem, Graad 11) het op laerskool 'n suksesvolle besigheid met sywurms het. Jan-Wurm is egter een van baie byname.

Chicken (Handré) is per ongeluk Hoendré by 'n familiefunksie genoem.

Rooies (Ruan, Graad 12) se bynaam het nie ontstaan as gevolg van sy haarkleur nie. Mnr. André, voormalige skoolhoof van Jordania Primêr, het gesukkel om Ruan te sê. Eendag toe Ruan in Graad 3 was, het Mnr. André hom gedoop as Rooies.

Bees (Jan-Daniël, Graad 12) het die tradisie van 'n koshuisnaam voortgesit en sy st. 8 (Dylon) as Ling-Ling gedoop — 'n naam wat klou.

Bolla (Marinellé, Graad 11) se pa het haar van kleins af Bolla genoem. As iemand gevra het wat haar naam is, het sy geantwoord: "Bolla." Sy vertel verder dat sy nie daarvan hou as mense haar Marinellé noem nie en dat sy Bolla verkies.

Wie hou Witteberg in die aand veilig as ons slaap? Batman! Natuurlik is hy nie alleen nie. Ons het ons eie Marvel-superhelde, meer bekend as die "Witteberg Watch". Die span bestaan uit Spiderman (Janco Botha), Batman (A.J. Erasmus) en natuurlik Batman se getroue regterhand, Robin (Xander Fourie). Die name is egter nie alombekend nie.

Byname begin dikwels as oppervlakkige grappies of geterg, maar dit groei saam met jou en word selfs 'n blywende deel van jou menswees. Byname is klein stukkies identiteit wat wys wat ons van mekaar dink of watter oomblikke ons saam gedeel en ervaar het. Agter elke bynaam skuil 'n storie — van vriendskap, humor, respek en belewenisse.

Die onkeerbare glimlag wat spontaan op jou lippe verskyn as jy aan Batman, Bolla, Bees of Brood dink, bring kleur na 'n alledaagse dag. 'n Bynaam is 'n geskenk wat jou herhaaldelik herinner aan jou mense en jou verlede. 'n Bynaam is 'n refleksie van wat ons van mekaar dink.

As iemand jou nou 'n bynaam gee, neem dit aan, omhels dit en leef daarmee saam. Want 'n bynaam se hooffunksie is om te onderskei tussen die algemene en die unieke.

# Voortrekkers woon gebiedskampe by

GERHARD NEL

Vir die van julle wat nie weet nie: CR Swart Kommando is die Voortrekkerskommando van Witteberg. En dié kommando beweeg van krag tot krag.

Die afgelope vakansie het die Voortrekkers die jaarlikse Vrystaatgebiedskampe by Doornkloof bygewoon.

Die graad 8's het hul eerste hoërskoolkamp aangedurf op katvoet en, as verbetering op verlede jaar, het niemand 'n mes deur hul eie hand gesteek nie.

Die graad 9's het geleer kook op kompies waar elke span hul eie kos vir die hele kamp moes voorberei. Boonop moes hulle dit doen met tafels, stowe en yskaste wat hulle self moes bou.

Leierskamp het die graad 10's verwelkom. Deur elke parlementssitting, een na die ander, het hulle dit reggekry om die Britte uit te stem en uiteindelik een van ons eie Wittebergers as president te verkies.

Veldkamp is iets heel anders. Ons graad 11's het die uitdagende kamp aangepak en deur die aande se stap en die drilkompetisie het hulle hul gewere verdien.

Laastens het die matrieks Doornkloof vir die laaste keer gaan groet op Seniorkamp en begin voorberei vir hul President-Verkenner-afrondingskamp later die jaar.

Dan het ons kommando ook 'n lid van die Vrystaat Jeugberaad tussen ons. Erné van Aswegen is vroeg die jaar verkies om as ondervoorsitter van die 2026 Vrystaat Jeugberaad te dien. Baie geluk, Erné!






# Warm wenke vir die winter

HEILENE MEINTJES

Na die eerste week van werklike winter het ek begin wonder of daar dalk geheime is oor hoe om die ysende koue van Bethlehem aan te pak sonder om soos 'n marshmallow skool toe te kom. Ek het 'n paar leerders vir hulle wenke en raad gevra oor hoe om warm te bly in die winter. Ek lys graag die gewildste, maklikste, algemeenste en vreemdste wenke wat jou dalk kan help om die winter weer aan te pak:

1. Natuurlik heel bo-aan die lys is handskoene. Handskoene is vir die eerste keer 3300 jaar gelede gevind in 'n graf in Egipte. Handskoene help om hitteverlies by die vingers te voorkom. As jy handskoene dra, is dit belangrik dat dit nie mediese- of werkshandskoene is nie, maar gebreide, gehekelde, wol- of leerhandskoene. Die wat jou ouma brei, is altyd die warmste.

2. Tweede is 'n serp. Ja, ek is seker julle almal het die rooi-serp-kliek in Gr. 10 gesien. Hulle bestaan uit 5–7 kinders en almal dra 'n rooi serp. Serpe is nie net vir beskerming teen koue nie; dit dra ook by tot 'n modeverklaring. 'n Rooi serp het dieselfde uitwerking op 'n mens se voorkoms soos 'n blazer. "Kyk wat doen 'n ROOI serp, kyk wat doen 'n ROOI serp, met 'n lekker warm mus." Dit bring my by nommer 3.

3. 'n Mus. Jy weet dit is winter wanneer die mus uit die kas kom en die hare vir die volgende drie maande verdwyn. Jy mag soms verward word tussen beanies en 'n mus, hier is 'n kort verduideliking. Alle beanies is 'n mus, maar nie elke mus is 'n beanie nie. Min meisies dra musse, waarskynlik omdat dit hare deurmekaar maak wanneer jy die materiaal van jou kapsel verwyder. Nou maak dit sin dat Nolan en Xander nie sonder musse gesien word nie.

4. Nog iets wat opvallend was, was die voorstel dat jy jou klere in lae bo-op mekaar aantrek. Ek het al baie kinders gesien wat kouse onder hulle sykouse dra. Die graad 8-seuns het onlangs vir ons meisies gevra of sykouse regtig 'n verskil maak as dit koud is. Dit was 'n goeie vraag, want sykouse is maar eintlik net 'n windbreker wat gewoonlik te dun is as dit koud is, maar te dik as dit warm is. Sommige meisies dra 2–4 ekstra pare sykouse bo-op mekaar, terwyl ander sommer 'n broek onder hulle sykouse aantrek. 'n Paar koshuisseuns het voorgestel dat jy sommer met jou nagklere onder jou skoolklere skool toe kom, want die hitte word al gegenereer deur die loop van die aand, en as jy jou warm nagklere uittrek om dun, koue skoolklere aan te trek, gaan jou liggaam wakker skrik van koueskok.

5. Indien jy nie in besit is van 'n handskoen, 'n ROOI serp en nie daarvan hou om soos 'n pikkewyn rond te loop met jou nagklere onder jou skoolklere nie, is kos die beste vertrooster as die koue winter byt. Die koffiekarretjie se koffie en hot chocolate het 'n magiese towerspel wat jou nie sommer warm maak nie, maar jou ook troos wanneer jou wiskundepunte kouer is as jou ma se opmerking oor jou wiskundepunte. Die koffiekarretjie is vir sommige kinders 'n steunpilaar. Nie net om warm te bly nie, maar om wakker te bly. Jy kan natuurlik ook van Susanne se topklas-slaptjips eet, met ekstra van haar "Special Slaptjip Spicemix" wat alles beter en warmer maak. Die hitte in die snoepie sal jou ook warm hou terwyl jy vir jou bestelling wag.

6. Nommer ses, kry 'n meisie of 'n kêrel wat jou die winter warm kan hou. Het jy al ooit gehoor dat 'n ou kla dat hy koud kry terwyl hy 'n meisie het? 'n Onverwagte boodskap van jou ou mag dalk jou wange verkleur en jou dan warm van binne na buite laat voel, soos 'n hittegloed. Of, soos sommige kinders by die skool, om aan mekaar vas te klou is seker ook 'n opsie, maar doen dit verkieslik waar almal julle NIE kan sien nie.

7. Indien jy nie 'n meisie vir jou kan inspan nie, is die tweede beste opsie 'n warmwatersak. Talle kinders bring 'n warmwatersak skool toe en dit is werklik een van die oudste, maar mees effektiewe maniere om warm te bly. Maak seker jy staan langs iemand by aantree wat 'n warmwatersak het, sodat wanneer daar gebid word, jy 'n warm hand kan vashou en so kan voorkom dat jou vingers verkluim. Die ideaal sal wees dat jy tussen twee kinders staan wat 'n warmwatersak het.

8. Pouse kan soms 'n riller wees om te oorkom, veral as dit baie koud is. Maak dus seker jy kry 'n lekker sonkolletjie waar jy warm kan bak in die son terwyl jy voorberei om terug te gaan na die koue klaskamers. Dit is altyd lekker om 'n warm kolletjie te deel met mense wat ook warm wil oorkom, maak dus seker jy het ook goeie geselskap om die optimale hitte van die son te absorbeer.

9. Fisiese liggaamlike kontak is die tweede laaste opsie. Sakkie Uys het verduidelik dat hy, Zané en Juané baie naby aan mekaar staan om hulle liggaamshitte so uit te straal dat dit die ander bevoordeel. Natuurlik sou dit warmer gewees het as Sumari ook deel was van die sirkel. Carlo, Pierre en Tiaan (Pieter en Anru kom dan ook seker by) maak ook gebruik van die tegniek.

10. Laastens, as die koue te koud is om iets te doen, gaan huis toe. Niemand kan leer as jy bekommerd is oor jou tone wat voel dat dit gaan afval en jou vingers wat nie wil skryf nie.



FANAS
LIFESTYLE • SCHOOLWEAR • SPORT
HIGH QUALITY
SCHOOL WEAR
BROUGHT TO YOU
AT THE BEST PRICES
OFFICIAL SCHOOL WEAR STOCKISTS
Stockist for all Bethlehem and Eastern Free State Schools
froggie
barefoot science
GREEN CROSS
TOTEM
TOTEM
Grays
GILBERT
TOTEM
GILBERT
NETBALL
prince
PUMA
We custom make uniforms, sportswear or any bag of your choice. Any size, colour, shape or style. We do it all.
EMBROIDERY
Contact us for all your EMBROIDERY and CORPORATE WEAR requirements.
Faseeha: 073 803 9837
www.fanas.co.za
21 Muller Street
Tel: 058 303 8283




Cheers








I LIKE TO
WEAR
WHITE


WISK
is
MAKLIK!




Vrystaat
KROON
Derby
2026
22 & 23 MAY 2026
DERBY
DIE TRADISIE LEEF VOORT...


SNOWFLAKE
















## Studiewenke!

1. *Stel 'n realistiese studierooster op en hou daarby.*
2. *Learn actively by answering questions and completing past exam papers.*
3. *Maak kernopsommings met sleutelbegrippe en diagramme.*
4. *Revise work regularly*
5. *Gebruik memoriseringstegnieke soos akronieme en assosiasies.*
6. *Use different study methods to improve understanding.*
7. *Handhaaf 'n gesonde balans tussen studie en ontspanning.*
8. *Review class notes briefly after each lesson.*
9. *Fokus op begrip eerder as bloot memorisering.*
10. *Ask for assistance when you are uncertain about certain sections.*



| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | 1 G | | | | | | | | | 3 T | | | | |
| | A | | | | | | | | | I | | | | |
| | 2 T | I | E | N | E | R | T | O | N | E | E | L | | |
| | S | | | | | | | | | N | | | | |
| | 4 B | I | O | L | O | G | I | E | | | | | | |
| | Y | | | | | | | | | 7 F | | | | |
| | | | | 6 L | | | | | | R | | | | |
| 5 W | I | T | T | E | B | E | R | G | W | A | T | C | H | |
| | | | | E | | | | | | N | | | | |
| | | | | U | | | | | | C | | | | |
| | | | | L | | 8 B | R | E | D | I | E | S | | |
| | | | | O | | | | | | N | | | | |
| | | | | O | | | | | | A | | | | |
| | | | | P | | | | | | | | | | |

1. Wat was die Seniors se tema by die Valentynsbal? (Berig: Valentynsbal/sokkie)
2. Wat is die Kultuurgebied waar jy jou emosies kan weerspieel op n gepaste manier, deur beweging? (berig: Kultuur-Hoe lekker dit is)
3. Hoeveel kilogram verloor jy as mnr. Mike jou in die tonnel toesluit? (Berig: Skinnerblad)
4. Wat is een vak wat Tharina graag eendag wil gee? (Berig: Tharina-n dag in haar lewe)
5. Wat is die naam van Witteberg se eie Superhero-span? (Berig: Byname)
6. Wat is mnr. Vleis se beroemde dans? (Berig: Skinderblad)
7. Wat is Mamso se regte naam? (Berig: Snoepietannies)
8. Wat noem sommige leerders vir juffrou Bredenkamp? (Berig: Byname)












# Vandag gaan ons 'n bietjie boer!

LUCILLE SNYMAN

Soos ons almal weet is Witteberg Agri 'n groot deel van ons skool en betrokke by soveel meer as net die tonnel. Ons landboustudente, sowel as die onderwysers, is volstoom aan die gang om landbou te bevorder en te verbeter. Hier volg 'n lys van landbougebeure van die jaar:

### Tonnel

Gedurende die week van 30 Januarie het die landbouleerders hard in die tonnel gewerk. Ou gewasse is verwyder om plek te maak vir nuwe aanplantings. 'n Groot verskeidenheid gewasse is geplant, soos soetrissies, blaarslaai, spinasie en komkommers. Hierdie plantjies word nou daagliks versorg deur die landbouleerders om 'n goeie groeiseisoen te verseker.

### Klein Graan

Graad 11 Landboubestuursleerders het die Klein Graan-instituut besoek waar hulle meer geleer het oor grond en die belangrikheid daarvan in boerdery. Hulle is ook geleer hoe om grondmonsters te neem en hoe grond ontleed word.

### Soete Inval Silo

Graad 10 Landboubestuursleerders het die Soete Inval-silo besoek waar hulle meer geleer het oor wat hulle tans in die klas behandel. Alles oor mielieproduksie, van kultivar tot opbrengs, is bespreek. Gassprekers van Pioneer en Bayer het kundige inligting met die leerders gedeel. Dit was beslis 'n dag vol leer!

### Nampo

Nampo is 'n hoogtepunt van elke jaar, en ons Graad 11 Landbouleerders het die voorreg gehad om dit op 13 Mei te besoek. Hulle het baie nuwe landboutegnieke en toerusting aanskou en meer oor verskeie landbou-aspekte geleer. Die vroeë opstaan was beslis die moeite werd!

### SALOV-kongres

Ons landbou-onderwysers het die SALOV-kongres in Kroonstad bygewoon waar hulle meer geleer het oor hoe om landbou te verbeter en te bevorder. Dit was 'n waardevolle bywoning wat beslis sal help om Witteberg Agri se idees en praktyke verder te versterk.










vkb
www.vkb.co.za
BESOEK VKB DIY
BETHLEHEM.
JOU EENSTOPWINKEL
VIR LANDBOU BEHOEFTES, DIY-PROJEKTE
TUIN, BESPROEIING EN VELE MEER!
h/v Pretorius & Lindleystraat, Bethlehem | Tel.: 058 303 1086
vir die LIEFDE van die LAND









# Opedag: Witteberg is dié skool vir jou!

PETRONÉ GOOSEN

Op 14 April 2026 het Hoërskool Witteberg sy deure vir Engelssprekende voornemende Graad 8-leerders oopgemaak, gevolg deur die Afrikaanse groep op 15 April 2026. Soos elke jaar het die Wittebergers saamgespan om aan ons besoekers te wys waarom ons steeds een van die Vrystaat se voorste skole is. #Net1Skool

Weeks before the event, staff members, learners, hostel committees, sports clubs and cultural groups worked tirelessly to ensure that every aspect of the school was presented at its very best. The result was two evenings filled with excitement, energy and the unmistakable spirit that makes Witteberg unique.

Vanaf die oomblik dat die Graad 7-leerders en hul ouers deur die hekke gestap het, is hulle hartlik verwelkom deur leiers, personeel en leerders. Onder leiding van toerleiers het die besoekers die kampus verken en eerstehands kennis gemaak met die talle geleenthede wat Witteberg bied.

Visitors were guided through academic departments where they experienced interactive demonstrations and displays. Science laboratories came alive with fascinating experiments, while subjects such as Consumer Studies, Agricultural Sciences, Information Technology and the commercial subjects showcased the practical and innovative leergeleenthede wat aan leerders gebied word. These demonstrations highlighted Witteberg's commitment to academic excellence and preparing learners for a rapidly changing world.

Sport het ook 'n prominente rol gespeel tydens die toer. Besoekers het die sportvelde, bane en fasiliteite besigtig waar talle Wittebergers reeds hul merk gemaak het. Afrigters en spelers was in die indoor beskikbaar om vrae te beantwoord en toekomstige sportsterre aan te moedig om hul talent by Witteberg te ontwikkel.

Culture was equally well represented. Learners had the opportunity to experience the vibrant cultural life of the school through performances, exhibitions and demonstrations by various cultural groups. Music, drama, dance and other creative activities showcased the talent and passion that thrive within the Witteberg community. Live performances in our very own theatre highlighted the cultural events on offer.

Verder het ons besoekers ook die geleentheid gehad om die koshuisfasiliteite, die Blue Bear-kafeteria en verskeie ander dele van die kampus te verken. Die warm ontvangs en vriendelike atmosfeer het verseker dat elke besoeker as deel van die Witteberg-familie gevoel het.

As the evening drew to a close, learners and parents gathered in the hall for the grand finale — a presentation celebrating the achievements, traditions and values van die skool. The atmosphere was one of excitement and anticipation as future Wittebergers imagined themselves becoming part of the school's proud legacy.

Die Opedag van 2026 was nie net 'n geleentheid om ons fasiliteite en prestasies ten toon te stel nie, maar ook 'n geleentheid om die volgende generasie Wittebergers te verwelkom. Ons sien daarna uit om baie van hierdie Graad 7-leerders volgende jaar in blou op ons kampus te sien stap om hul eie hoofstuk in die Witteberg-verhaal te begin skryf.







## Het ek jou nou reg gehoor?

Woorde van die Kwartaal

- Maak dit werk
- Kom ons gaan wen
- Mashback
- Dallas
- Jy het dit — kom ons gaan doen dit

Groot probleem

Winterdrag is uitverkoop vir 2026 nog voordat die koue winter begin.

Die bank is nie net 'n bank nie, maar eerder 'n "weight loss journey".

#MikeSluitJouToe wanneer jy in die tonnel bank en 10 kg ligter uitkom.

Koshuisdames skarrel, stoei en baklei by ete vir eetgerei. Wat het gebeur met die koshuis se messe en vurke?

Tendense

Eerste span wees en op krukke wees loop hand aan hand.

Onthou: kyk wat doen 'n blazer en 'n lekker goue tekkie.

Die skool se oogappel bring nie net die "looks" nie, maar ook die gees.

#leeuloop #koekiedoekies

Die Graad 8's het 'n groter hand oor die matrieks as wat hulle dink. #meisie

Mnr Dolf, nog jonk van gees, bly op datum met Gen Z-tendense. #67 #dab

Die top 5 bank-plekke

1. Die tonnel
2. By die Graad 10's se tasse
3. Op die aantreeblad of by die nuwe bankies
4. By die skool se astro
5. Agter die koshuis

Die groot vraag

Is daar werklik 'n "liefdes goggles" tussen die eerste meisieshokkie-afrigter en die eerste rugbyspan-afrigter?

# Rooi, blou en vol van gees!

LIKA VAN STADEN

As daar een groep mense by Hoërskool Witteberg is wat weet hoe om gees aan te wakker, dan is dit beslis ons rasieleiers! Die rasieleiers se werk lyk dalk maklik van buite af – glimlag, skree en maak lawaai – maar agter die kleurvolle plakkate en geesvang lê ure se harde werk, beplanning en soms totale chaos.

Volgens Cari Smit, een van die hoofdirigente, sê sy daar is altyd druk om die hele skool op hulle voete te kry, selfs wanneer almal eerder wil slaap as om gees te vang op 'n Maandagoggend. Sy sê self: "Een van die grootste uitdagings is om die hele skool betrokke te kry. Nie almal wil dans, sing of hul stem verloor deur gees te skree nie." Tog hou hulle aan, want vir hulle gaan dit oor trots en liefde vir die skool.

Een van Cari se gunsteling motiveringsaanhalings beskryf die rasieleiers perfek:

"I was in love with the result, the image of me on stage, people cheering me, rocking out, pouring my heart into what I was playing. I wasn't in love with the process getting there." — Mark Manson

Die jaar se derby was beslis een van die hoogtepunte.

Van harde rugbygees tot Stefan se groep se kar wat by die graanveld probleme gegee het, en sy "smokebomb"-insident, was daar nooit 'n vervelige oomblik nie. Die rasieleiers glo ook sterk dat 'n goeie houding alles verander. Hulle probeer elke dag die skool se atmosfeer positief hou en mense laat voel dat hulle deel is van iets groter as net klasse en huiswerk. Volgens hulle is gees nie net lawaai nie; dit gaan oor trots, samewerking en om jou hart in alles te sit wat jy doen. 'n Inspirerende aanhaling wat hulle motiveer, lui:

"What are you willing to do to get there?"

Dit beskryf die rasieleiers perfek. Hulle gee hul alles, of dit nou beteken om hul stemme weg te skree, met verf op hul gesigte rond te hardloop of in die son te staan totdat hulle soos tamaties lyk.

Alhoewel daar baie pret en grappies is, dra die rasieleiers ook groot verantwoordelikheid. Hulle verteenwoordig Hoërskool Witteberg met trots en wys elke dag dat skoolgees mense bymekaar bring.

En as jy ooit wonder waar al die lawaai vandaan kom wanneer Witteberg speel, kyk net vir die rooi en blou massa voor die pawiljoen met die groot glimlagte, geen skaamte en baie energie. Dis ons rasieleiers … en nee, hulle gaan beslis nie binnekort stiller raak nie!!












# Wees my Valentyn, asseblief!

HEILENE MEINTJES

Op 12 Mei 2026 het Witteberg se leerders die dansvloer laat bewe! Die Valentynsbal en -sokkie was 'n aand vol musiek, lag en danspassies — enige influencer se droom.


Die juniors het die 1950's laat herleef met die tema van die fliek Grease. Daar was leerbaadjies, kleurvolle rokke en hare wat sekerlik meer tyd voor die spieël gekry het as huiswerk. Die seniors het in 'n Gatsby-glans-era herleef met glinsterende rokke, deftige pakke en styl wat sommer die hele saal laat blink het — soos 'n see van glans, styl en elegansie.

Toe die musiek begin speel, het die dansvloer vinnig voller geraak. Van indrukwekkende dansbewegings tot daardie een vriend wat dink hy is in 'n musiekvideo — almal het hul beste gegee. Die lag en gesels het deur die saal weergalm, en selfs dié wat gesê het hulle "gaan net sit en kyk", was later op die dansvloer.

Die dekor, musiek en goeie energie het die aand ekstra spesiaal gemaak. Van die eerste liedjie tot die laaste sokkie-liedjie was die aand nie net 'n skoolfunksie nie, maar 'n aand vol pret, vriendskap en herinneringe wat nog lank oorvertel sal word. Een ding is seker: Witteberg weet hoe om 'n stylvolle partytjie te hou!



















# 'n Dag in die lewe van Tharina O'Connor

INNEKE FOURIE

Het jy al ooit gewonder hoe 'n dag in Tharina se lewe lyk? Vir enige mens lyk 'n dag in hul lewe eenvoudig, maar vir Tharina kom dit met baie chaos, onsekerheid en beslis baie beplanning.

Die alarm skree reeds 06:00 vir Tharina wakker. Nadat sy so twee keer die snooze-knoppie gedruk het, moet sy uiteindelik opstaan.

Sy kies dan vir haarself 'n outfit vir die dag, doen haar hare en kry haarself reg vir hierdie groot dag wat nou eers begin het. Ontbyt is nie noodwendig altyd bo-aan Tharina se prioriteitslys nie, want daardie ekstra 15 minute slaap voel soms baie belangriker.

Sodra die tyd aanbreek om skool toe te gaan, klim Tharina in haar kar en maak gereed om te ry. Maar voor sy ry, sit sy eers 'n banger van 'n song op om haarself en haar gemoed reg te kry vir die dag.

By die skool begin haar besige dag behoorlik. Sy sit saam met die personeel in die personeelkamer, woon opening by, en kyk dan af op die kinders — en is dan baie bly dat sy nie meer op skool is nie. Sy woon daarna al haar klasse by waar sy moet wees. Sy sal graag eendag self NW, Engels en Biologie wil gee.

In pouse koop sy koffie, wat teen daardie tyd van die dag baie nodig is. Dan sit sy in die klas en werk, of spandeer haar pouse saam met ander student-onderwysers by die skool.

Na skool verruil sy haar skoolklere vir oefenklere en raak betrokke by die eerste netbalspan waar sy die rol van assistent-afrigter vervul. Sy woon oefeninge by, is saam met hulle in die gim, by elke wedstryd en toer saam met hulle, en probeer altyd help waar sy kan.

En dan kom ons uiteindelik by die laaste deel van haar dag uit, wat gewoonlik koshuisdiens is. Sy sit dan in die vistenk en loop deur die gange om seker te maak al die koshuiskinders is op hul plek. Sy gaan daarna so teen 21:30 huis toe, waar sy 'n lekker warm stort vat en haarself regkry om amper in die bed te spring van opgewondenheid om uiteindelik te kan gaan slaap na 'n lang en uitputtende dag — maar sy sal dit vir niks verruil nie!






www.vkb.co.za
VKB DIY
BETHLEHEM
Building dreams,
one DIY at a time -
paint, tools, irrigation
& more.
C/O PRETORIUS & LINDLEY STREET
058 303 1086
Head Office | 31 President CR Swart Street | Reitz | 9810 | Tel. 087 358 8111
VKB Landbou (Pty) Ltd is an Authorised Credit Supplier NCRCP7984
vkb



# Kultuur: Hoe lekker dit is . . .

LIMAY KRIEL

Kultuur in Witteberg kweek 'n opgewondenheid onder ons leerders, soos wanneer jy afstam op 'n onbekende deur in 'n feetjietuin…

Nuuskierig oor die eindelose gebeure agter die magiese deur, verwonderd oor al die geleenthede wat aan jou geskenk word.

Kultuur bied vir ons as leerders 'n multi-aspek-gebied waar ons kan praat, vertoon en uitblink, nes jou hart begeer.

Eindeloos…

Soms geminag, as gevolg van die sportliefhebbers, maar tog juis verdienstelik van skares se ondersteuning en eindelose sielvolle opgewondenheid oor alles wat te vinde is.

ATKV-Redenaars het die vermoë om diep in 'n mens se hart in te kruip met die eerste oogopslag. Leerders word geseën met die platform waar hulle kan redeneer en hul sê, sê sonder enige perke.



Debat is juis vir dié met moedswilligheid en die bereidheid om hul standpunt oortuigend te stel en seker te maak jy is aan hul kant. Ononderhandelbaar oor hul argumente en in volle ondersteuning van hul opinie!

Natuurlik moet jy jou kan voordoen sonder 'n toespraak, my mede-lesers.

Tree in karakter, in die kollig. Buite die bereik van die res van die wêreld, transformeer.

Tienertoneel / Digitoneel bied juis die perfekte milieu om visueel 'n magiese toneel voor te stel en almal 'n vlugtige blik te gee van die wêreld waarin jy, in karakter, 'n heel nuwe werklikheid ervaar.

(Aanhaling van tienertoneeldeelnemers) – Gerhard

Voortrekkers is soomloos gepas vir ons leerders wat 'n nostalgiese liefde het vir ons Afrikaner-kultuur en skatryk erfenis. In hierdie gebied word ons graag blootgestel aan die uitbreiding van geskiedkundige kennis onder ons leerders, maar ook aan die verryking van hul agtergrond en die doelbewuste kweek van hul liefde en omgee vir ons land, Suid-Afrika.



Deur middel van honderde stemme se samekoms word ons bederf met vokaal-ryke talente wat strek van alt tot die hoogste sopraan, alles onder noukeurige leiding vir 'n gewaarborgde sukses.

Daar is soveel meer platforms in ons skatryke kultuurgebied, soos drama, musiek, ATKV-jeugtak en selfs dans, wat my verseker dat my liefde vir kultuur moeiteloos oorspoel van my hart na joune.

# Singing through the weekend

KATE VAN AARDE

Over the weekend of the 13th of February, the Witteberg Choir travelled to Drakensville for their annual choir camp, where the 80 choir learners worked hard practising for the upcoming year while taking part in many fun activities.

The Witteberg Choir had a weekend filled with chaos, teamwork, laughter, and of course, a lot of singing! Alongside the long rehearsals with our amazing choir teacher, Juffrou Christa, the learners took part in various team-building activities like swimming and dancing, with the main event being "The Blob" at Drakensville. The camp showed all the new choir learners what the Witteberg Choir is all about: laughter, fun, and of course, hard work. From all the swimming, dancing, and playing, they still managed to get over 12 hours of practice!

A choir student, Lisa Botha, described the camp as "a fun experience," saying: "It was fun but definitely not for the weak."

The camp was a definite success! The learners might have all left a little tired, but all the hard work definitely paid off as the choir showed huge improvement while also making many unforgettable memories. Be sure to look out for the Witteberg Choir's upcoming performances like the Bethlehem Eisteddfod and more.







# Witflitz-kultuuraand groot sukses

LIMAY KRIEL

Vroeg vanjaar het Witteberg die geleentheid gehad het om te spog met al sy talent deur middel van die Kultuur-Gala-aand. 'n Glansgeleentheid wat moeiteloos kinderlike opgewondenheid kweek al byna 'n jaar voor die tyd.

Menigte van ons kultuurdeelnemers sien 'n hele jaar lank uit na hierdie spesiale aand.

21 Januarie 2026.

Die klaviere het al byna 'n jaar lank gewag om die saal met hul note helder te versier. Die dansers het hul blinkste paar skoene afgestof, ballerinas het hul puntskoene gereed gemaak, akteurs het hul geoefende toneelstukke uitgevoer, en stemme het die gehoor se ore geseën. Gedigte, kore en dialoë het almal weer herinner dat daar, selfs in ons verdorde wêreld, nog prag skuil — 'n getuienis dat die Here sy kinders steeds seën met talente, ongeag.

Die saal was gevul met 'n netjiese, elektriese atmosfeer. Enkele leë sitplekke het slegs getuig van Witteberg se gemeenskap wat ongetwyfeld elke keer opdaag en ondersteun.

Ons leerders het, tussen die ligte senuwee deur, hul absolute beste na vore gebring. Wanneer iemand op die verhoog iets gesê het, het die gehoor aan hul lippe gehang. Die oomblik toe die pianiste die klaviernote laat ontwaak het, was werklik 'n magiese waarneming.

Mikrofone voor ons sangers het eggo's oor die gehoor laat rol, wat geklink het asof engele self in elke oor fluister. Tonele wat opgevoer is, het onmisbare glimlagte op die gesigte van die gehoor gebring.

Die sukses van hierdie aand lei altyd tot die volgende spesiale glansgeleentheid.

Bewonder. Trots. Dankbaar.

www.vkb.co.za



# Ready for
## the kitchen or bedroom you've always dreamed of?

Let VKB Bethlehem DIY bring it to life with expert carpentry and stylish finishes.

- **Built-in cupboards**
- **Custom shelving**
- **Full kitchen and bedroom makeovers**

Get a free quote and a 3D design.

Visit VKB Bethlehem DIY today.

**C/O PRETORIUS & LINDLEY STREET** **058 303 1086**

**Head Office | 31 President CR Swart Street | Reitz | 9810 | Tel. 087 358 8111**
VKB Landbou (Pty) Ltd is an Authorised Credit Supplier NCRCP7984

vkb

# Redenaars: Meer as net woorde

HEILENE MEINTJES

Redenaars is nie net woorde wat gesê of voorgedra word nie. Redenaars is nie oppervlakkig of snobisties nie. Redenaars is eerder 'n vaardigheid wat elke liewe spreker toerus met die noodsaaklike kommunikasievaardighede wat op talle maniere voordelig is en bydra tot die algehele ontwikkeling van 'n suksesvolle individu.

Van 22–23 April het 'n groot groep Wittebergers deelgeneem aan die Vrystaat se eerste ATKV-Redenaars-uitdunronde, wat by Witteberg plaasgevind het. Dit was 'n besonderse ervaring en ons is trots op elke leerder se deelname en harde werk.

Juffrou Annelie het weereens verseker dat alles georganiseerd, in plek, op tyd en agtermekaar was om 'n dag vol kultuur en taal aan te bied. Witteberg het, net soos altyd, alle verwagtinge oortref.

Vrydag, 30 Mei, het 21 van Witteberg se sprekers die skool verteenwoordig by die ATKV-Redenaars se semifinale rondte. Lokaal in en lokaal uit het dit gewemel van blou baadjies en rooi strikke soos elke Witteberger hul sê gesê het en ook hul mede-Wittebergers ondersteun het.

Elke Witteberg-kind wat 'n woord gespreek het, het waarde geheg aan sy of haar opinie. Elke Witteberg-kind was nie net in 'n klas nie, maar deel van 'n Witteberg-klas.

Ons is besonder trots op Jemma Shepherd wat deurgedring het na die ATKV-Landsfinaal in die Graad 10–12 Onvoorbereide Redenaars-afdeling, asook Lerato Msibi in die Graad 10–12 Voorbereide Redenaars-afdeling. Dit is 'n uitsonderlike prestasie.

Hoewel die uitslae nie altyd die volle omvang van die talent wat eie is aan die Witteberg-kind weerspieël nie, bly die ware waarde van redenaars sigbaar in die groei wat elke deelnemer ervaar. Die moed om op te staan, jou mening te lug en jou argumente met oortuiging te verdedig, is reeds 'n oorwinning op sigself.

Baie dankie aan Juffrou Annelie en Juffrou Lenka vir die mooi manier waarop ons as redenaarkinders benader en hanteer word. Elke woord wat juffrou vir ons sê, het waarde en krag, en dit is waarom ons redenaars aanpak. Juffrou is 'n ware rolmodel en inspirasie.

As jy weer verby Juffrou Bredenkamp se klas loop en Gerhard se stem hoor dawer, Leonelle se woorde hoor val of Zané haar argumente hoor staaf, besef die waarde wat redenaars tot die algehele ontwikkeling van die individu bydra.

Die redenaarsseisoen mag dalk vanjaar vroeër afsluit, maar die redenering sal nooit ophou nie.

Baie geluk met julle prestasies – julle het beslis bewys dat ware kampioene nie bang is om diep te duik nie!







# Team to ATKV semi-finals

KATE VAN AARDE

On 30 May, Witteberg sent eight debate teams to Welkom to participate in the ATKV

Debate semi-finals, held at Oranje Meisieskool.

Witteberg was represented by three senior teams and five junior teams. The learners

who represented the junior teams were Marinus van der Merwe, Carla Viljoen and Amé

Potgieter; Charlee Wandrag, Heilene Meintjes and Rigardt Strydom; Arno Labuschagne,

Aninke Bezuidenhout and Lexi Willemse; Talita van der Walt, Jan van Niekerk and

Femke Daacke; and Lize Joubert, Inge Meintjes and Izandri Strydom.

The senior teams who took part in the semi-finals were AJ Erasmus and Gerhard Nel;

Limay Kriel and Tria-Mari Strydom; and Stefan Uys and Zané Wessels.

All of these learners showed incredible talent and worked extremely hard to earn their

place in the semi-finals.

once again proves that Hoërskool Witteberg is one of the strongest rural cricket schools in the region.

# Martyn se drama-drome sprei vlerke

INGE MEINTJES

Met drome om eendag op Binnelanders te speel, het Martyn Oosthuizen sy drome gaan najaag by die Proscenium drama-kompetisie in Kaapstad.

Vanaf 6–9 Mei het Martyn Oosthuizen (Gr. 11) in Kaapstad by die Cape Arts Theatre aan die Proscenium Nasionale Drama-kompetisie deelgeneem. Die doel van die kompetisie is om jong akteurs aan die drama-wêreld voor te stel.

Martyn moes 'n video-opname instuur vir oudisies en het toe gekwalifiseer. Daar was 70 deelnemers waarvan Martyn die Top 30 behaal het. Steeds het Martyn sy droom uitgeleef en 'n eerste plek in die Vrystaat behaal. Hy het die monoloog Prodigal Son opgevoer, geskryf deur John Patrick Shanley.

Martyn het die kompetisie beskryf as: "By verre die grootste drama-geleentheid in Afrika. My ervaring was 'great' en alles was uiters professioneel." Die Witteberg-familie is uiters trots op Martyn en sy voorbeeld wat hy vir sy mede-leerders gestel het, dat niks onmoontlik is nie!











# Netbal skop af op 'n hoogtepunt

JANÉ JANSE VAN RENSBURG

Vanjaar se netbal het op 'n hoogtepunt afgeskop. Die afgelope kwartale was 'n tyd van groot prestasies, uitdagings en onvergeetlike herinneringe vir die netbalspanne. Met dominante wedstryde en merkwaardige uitslae het die spelers hul talent en deursettingsvermoë op die baan ten toon gestel. Die kwartaal se uitslae weerspieël 'n klein deel van die harde werk, trots en passie waarmee elke span 'n wedstryd aanpak.

Vanjaar se toere het nie net opwinding gebring nie, maar ook elke speler en afrigter nader aan mekaar gebring en waardevolle ervarings geskep. Vir die eerste keer in die skool se geskiedenis was daar 'n B-span-toer waar al die B-spanne en tweede spanne deelgeneem het. Die toernooi het van 27 tot 28 Mei by Hoërskool Fichardtpark plaasgevind.

Al die A-spanne het deelgeneem aan die Waterkloof-toernooi, ook bekend as die Klovie Netbalfees. Dit het van 27 Maart tot 1 April in Pretoria plaasgevind.

Die uitslae van die Waterkloof-toer was indrukwekkend:

Die o.14-span wen 7 uit 10 van hul wedstryde.

Die o.15-span wen 5 uit 11 van hul wedstryde.

Die o.16-span wen 8 uit 11 van hul wedstryde en word as die beste aanvallende span op dag drie aangewys.

Die o.17-span wen 6 uit 11 van hul wedstryde.

Die eerstespan speel 9 wedstryde en wen 8 daarvan.

Die eerstespanmeisies het ook die geleentheid gekry om na die Paarl te vlieg om deel te neem aan die La Rochelle-toernooi van 31 Maart tot 3 April. Dit was die eerste keer in Witteberg se geskiedenis dat die eerstespan so 'n geleentheid ontvang het. Hulle speel 10 wedstryde teen besonderse skole in die B-afdeling en wen 9 uit die 10. Zoë Ellis word ook aangewys as een van die Top 12 spelers van die toernooi.

Die eerstespan het verder van 29 April tot 2 Mei deelgeneem aan Hoërskool Sentraal se toernooi in Bloemfontein. Hulle wen 7 van hul wedstryde, speel een gelykop en verloor slegs een wedstryd. Die span eindig algeheel tweede.

Daar is 'n merkbare en positiewe verandering in netbal. Elke speler speel vir die wapen en vir hul span. Ons kan nie wag om te sien wat die spelers en spanne vir die res van die jaar gaan bereik nie.











# Hokkieseisoen in volle swang

INNEKE FOURIE

Die hokkieseisoen is vol swang aan die gang en ons Witteberg-spanne is besig om vinnig spoed te vang.

Van die eerste fluitjie tot die laaste paar minute op die veld probeer Witteberg hul bes om nie op te gee nie. Hulle speel hul harte uit vir die wapen op hul bors. Ons passie, spanwerk en lang oefenure bewys dat harde werk werklik die moeite werd is.

Ons het die seisoen met 'n groot spoed afgeskop met 'n ballingtoernooi wat van ons spanne in ons tuisdorp oor die naweek van 28 Februarie gespeel het as 'n pre-seisoentoernooi. Daardie selfde naweek het daar ook 'n friendly teen Wesvalia plaasgevind, waar Witteberg uitstekend gevaar het.

Dit is gevolg deur nog 'n friendly teen Piet Retief, waar Witteberg gewys het wie is baas.

Die Wesgrow Sentrale Sportreeks het die naweek van 14 Maart vlam gevat, waar Witteberg en Sentraal mekaar die stryd aangesê het. Dieselfde naweek het ons eerstespanne in Oos-Londen aan 'n toernooi deelgeneem, wat as hul toer beskou is. Witteberg het teen top-klas skole gespeel en met baie waardevolle ervaring teruggekeer.

Die vakansietoere het gestrek van Welkom tot Pietermaritzburg, waar ons spanne baie gespeel het, nog meer geëet het en hulself beslis gate uit geniet het — 'n goeie toer as voorbereiding vir die res van die seisoen.

Ons o.14A-, o.16A- en eerstespanmeisies het toe op 'n bus geklim na Pietermaritzburg en Durban die naweek van 17 April vir verdere voorbereiding vir die seisoen wat voorlê. Hulle het teen skole soos OLF, Pietermaritzburg Girls, Danville en Durban Girls High School gespeel en uitstekende resultate behaal. Die o.14- en o.16-spanne het driekwart van hul wedstryde gewen, en die eerstespanmeisies het hard baklei om 2 uit 4 wedstryde te wen. Dit was 'n baie suksesvolle naweek met skitterende resultate.

Ons is tans besig met ons Wesgrow-liga, waar Witteberg weereens bewys dat ons vir niks skrik nie.

Intussen was daar nog baie friendlys en ligawedstryde waar Witteberg-hokkie sy staal gewys het.

Witteberg spog hierdie jaar met 27 spelers wat ingesluit is in die Noord-Vrystaat-hokkiespanne. Hierdie spelers het deur drie rondtes van proewe gegaan, en hul uithouvermoë en harde werk het uitstekende resultate gelewer. Hierdie spelers sal tydens die Junie/Julie-vakansie vir hul onderskeie spanne speel tydens die jaarlikse NFS-toere wat regoor die land plaasvind.

Ons bou tans op na die kop-aan-kop stryd teen BVHS wat voorlê, waar ons glo Witteberg se spanne, afrigters en ondersteuners die deursettingsvermoë sal hê om bo uit te kom.








Alpha Pharm
care • value • trust
ALPHA 52
ALPHA52
KOMPETISIE
STAAN 'N KANS OM
R100 000.00
PER WEEK TE WEN!*
Koop jou deelnemende Alpha52-produkte by Village Square Apteek en neem deel aan hierdie opwindende kompetisie.
*Ts & Cs geld. Kompetisie gelldig volgens Alpha Pharm se bepalings.
ALPHA52 VITALITY
ALPHA52 IMMUNE
ALPHA52 ENERGY
ALPHA52 JOINT
ALPHA52 OMEGA-3
VILLAGE SQUARE
APTEEK
Jou gesondheid is ons prioriteit!
VILLAGE SQUARE APTEEK
Tel:
058 303 1016
WhatsApp:
078 938 8613
E-pos:
village@isat.co.za
PROFESSIONELE DIENS
PERSOONLIKE ADVIES
KWALITEIT PRODUKTE TEEN MEDEDINGENDE PRYSE
Omgee vir jou gesondheid elke dag!
ONDERSTEUN DEUR 'N NAAM WAT JY KEN EN VERTROU
ALPHA PHARM
BETROUBAAR • BEKOSTIGBAAR • OMGEE
Village Square Apteek – Omgee vir jou gesondheid elke dag!
















# Op jou merke, gereed ... gaan!

ANJA TALJAARD

Die gees was hoog, die son het helder geskyn en die atlete was gereed vir aksie! Graanveld-atletiek 2026 was werklik 'n dag om te onthou. Maande se oefening, toewyding en harde werk het uiteindelik vrugte afgewerp toe Witteberg se atlete hul talente op die baan en veld ten toon gestel het.

Maar Graanveld-atletiek gaan oor veel meer as net medaljes en rekords. Dit gaan oor skooltrots, spanwerk en die gees wat 'n skoolgemeenskap bymekaar bring. In die week wat die byeenkoms voorafgegaan het, het die gange gegons van opgewondenheid. Daar is gees gevang, gedans, gesing en voorberei vir een van die grootste hoogtepunte op die skoolkalender.

Toe die groot dag uiteindelik aanbreek, het die Wittes in hul massas opgedaag. Die paviljoen was 'n see van blou, gevul met energie, ondersteuning en trots. Van die eerste item tot die laaste aflos het die Wittebergers hul stemme hees geskree en hul harte uitgesing om elke atleet aan te moedig.

Die ondersteuning vanaf die paviljoen het nuwe energie aan die atlete gegee. Met die blou massa agter hulle was hulle vasberade om hul beste te lewer en vir elke sentimeter, sekonde en sprong te veg. Die resultate spreek vanself.

Witteberg spog met indrukwekkende prestasies op die dag en het die byeenkoms afgesluit met 'n merkwaardige 68 goue medaljes, 59 silwer medaljes en 43 brons medaljes. Daarbenewens is nie minder nie as 10 rekords verbeter of nuut opgestel – 'n bewys van die uitsonderlike talent en deursettingsvermoë van ons atlete.

Agter elke medalje en rekord lê ure se oefening, vroeë oggende, seer spiere en die vasberadenheid om aan te hou, selfs wanneer dit moeilik raak. Daarom is Witteberg ongelooflik trots op elke atleet wat die skool verteenwoordig het. Julle het nie net uitstekend presteer nie, maar ook die waardes van harde werk, dissipline en trots uitgeleef.

'n Groot dankie ook aan die afrigters, onderwysers, ondersteuners en leerders wat die dag so spesiaal gemaak het. Julle entoesiasme en ondersteuning het 'n belangrike rol gespeel in die sukses van die dag.

Welgedaan aan elkeen wat deelgeneem, ondersteun en gehelp het. Graanveld-atletiek 2026 sal beslis onthou word as 'n dag van prestasie, gees en Witteberg-trots.

Witteberg het gewys dat wanneer die blou massa opdaag, Bethlehem weet: Bethlehem bly blou!



# A splash of colour and spirit

TALITA VAN DER WALT

On 22 January, Witteberg kicked off the athletics season with a bang. Exciting and energetic hardly begin to describe the atmosphere of the 2026 Colour Athletics Day.

The spirit on display was truly something to experience, and the Grade 10s certainly did not disappoint. They claimed the Spirit Cup with flying colours. The Grade 9s were equally enthusiastic and walked away with the award for the highest participation.

Witteberg is especially proud of the following top performers: Ruhan Cilliers as Best Junior Track Athlete, Janco Jooste as Best Junior Field Athlete, Liyah-Mae Petitt as Best Senior Track Athlete, Kesia Nel as Best Senior Field Athlete and overall Best Performance of the Day, as well as Morapedi Masejane for the Top Boys' Performance of the Day.


It was a day filled with colour, excitement and school spirit, and as Witteberg, we are already looking forward to all the excitement that the 2027 Colour Athletics Day will bring.






**HEILENE'S SOURDOUGH BREAD**

R70 'n Brood



Bestel by
Heilene Meintjes
082 877 9988

Kontant of EFT

"Bestel nou jou suurdeegbrood - tuisgebak met liefde"

# Outdoor sport, but Witteberg's stars shining

MASEEHA SIVIA

Our school's athletes continue to make us proud through their dedication, determination, and passion for outdoor sport. From long-distance running, swimming championships, angling, karate, freshwater fishing, and cycling, learners have represented the school with excellence at important events across the country.

Grade 11 learner AJ Erasmus recently showed incredible endurance during the well-known Two Oceans events in Cape Town. He first completed the demanding 16 km Two Oceans Trail Run along the slopes of Table Mountain before taking on the 21 km Half Marathon later that weekend. What made his achievement even more meaningful was that he participated in support of CHOC, helping to raise awareness for children living with cancer. His commitment and perseverance inspired many and proved that sport can make a positive difference in the lives of others.

Our swimmers have also continued to shine this year. Learners proudly represented the school at the Mangaung School Aquatics Interhoër held in Bloemfontein. The team competed with determination and sportsmanship, showing the hard work that goes into preparing for high-level competition. Their participation reflected the strong spirit and pride of our school community.

Another outstanding achievement came from Jouka Fourie, who qualified for the SA Regional Level 3 Swimming Championships in Bloemfontein. This competition is regarded as one of the most important developmental swimming events in the country, and only swimmers who achieve the required qualifying times are invited to participate. Jouka's qualification is a remarkable accomplishment and a reward for many hours of dedication and training.

In the field of angling, Hannika Heymans delivered an outstanding performance at the Gauteng Kolwerp- and Afstandwerp Trials held on 16 May 2026. She achieved a brilliant second place overall in both the 60 m and 80 m Kolwerp events in the junior girls division. In the Afstandwerp, she excelled even further, securing first place with an impressive distance of 102 m.

Her exceptional performance earned her selection to the Gauteng Junior Girls Kolwerp- and Afstandwerp team for 2026, where she will represent the province at the SAVOF Kolwerp- and Afstandwerp Championships on 20 June 2026.

In Varswater Oewerhengel, congratulations go to Lea-Me Petitt on her selection to the 2026 VSVOV Junior Ladies B-team for Free State freshwater angling. We wish her everything of the best as she prepares for the Junior South African National Championships in December 2026. We are extremely proud of her achievement.



A standout achievement in cycling comes from Ian Smith (Grade 11), who took part in the Free State Championship road cycling series in Clarens. Competing over a demanding 80 km Clarens/Fouriesburg route, Ian delivered an exceptional performance, finishing as the overall winner of the race as well as claiming first place in his age category. He completed the race in an impressive time of 2 hours and 16 minutes. Congratulations, Ian!

A major highlight in the martial arts arena comes from Witteberg karateka who competed at the JKS Nasionale Karatekampioenskappe held in Pretoria on 9 May 2026. Our learners delivered outstanding performances and brought home an impressive collection of medals.

Dylan Burger achieved gold in Elite Kata, bronze in Elite Kumite, and silver in Team Kumite. Newton Hillis earned gold in Development Kata, silver in Development Kumite, bronze in Elite Kata, and silver in Team Kumite. Nické Wächter delivered a remarkable performance, claiming gold in Elite Kata, silver in Elite Kumite, gold in Koten Kata, silver in Team Kata, and gold in Team Kumite. Stefan Coetzee secured gold in Development Kumite, while Janko Leslie earned silver in Elite Kata and silver in Team Kata.

Following the championships, Nické Wächter was named the number one karateka across all age divisions (6–60 years), an exceptional achievement of the highest standard.

The Karate South Africa National Championships were held from 7–9 March 2025 in Tongaat. Hanré Dreyer secured a bronze medal in team kumite, while Dylan Burger also earned a bronze medal in kumite. Congratulations to these athletes on their achievements.

Outdoor sport continues to play an important role at our school by teaching learners discipline, resilience, and teamwork, while creating opportunities to achieve excellence beyond the classroom. We congratulate all our athletes on their achievements and wish them continued success for the rest of the year.
























# Bloed, sweet en rugby (crouch, bind, set!)

TRIA-MARI STRYDOM

From the deep, dark unknown of the forward play to the quick pacers in the backline, each Witteberg player more than contributed to this year's results.

Die afgelope jaar het Witteberg se rugby kragte gemeet teen Hoërskool Goudveld, Sentraal, Hentie Cilliers, Wesvalia, Jim Fouché, Welkom Gimnasium en die groot sportskool, Helpmekaar. Kragte is gemeet en bloed is gesweet, maar ons rugby manne het werklik hulle staal gewys teen elkeen van hierdie opponente.

Teen Goudveld het Witteberg se rugby hul maksimum bereik en het elke span hul opponente geklop. Die rugby teen Hentie Cilliers het net so uitstekend gevaar, met slegs een span wat daardie Saterdag verloor het.

Tydens die Maart-vakansie het die rugbyspanne gaan toer. Die O/14A-span het na die Grey Kollege-toernooi in Bloemfontein gegaan, waar hulle twee uit die drie wedstryde gewen het. Die O/15A-rugbyspan het aan die Fichardtpark-rugbyweek deelgeneem, waar hulle ook uitstekend gevaar het en twee uit hul drie wedstryde gewen het. Die O/16A-span het getoer na Voortrekker, waar hulle een uit hul drie wedstryde gewen het.

Die eerste span het aan die Noord-Suid toernooi by Hoërskool Helpmekaar deelgeneem, waar hulle een uit hul twee wedstryde gewen het. Hulle het 'n ongelooflike oorwinning behaal teen Middelburg met 'n eindtelling van 41–38. Ongelukkig het hulle vasgeval in hul wedstryd teen Hoërskool Swartkop.

Ons is werklik trots op elkeen van ons rugbymanne wat met getrouheid, deursettingsvermoë en harde werk die resultate behaal wat hulle verdien. Ons sien uit na die res van die jaar se rugby en die skool staan bankvas agter elke span.

# Skool se atlete skitter

Vanjaar het ons met trots 14 atlete gehad wat ingesluit is in die Vrystaat-span wat van 30 April tot 2 Mei in Pretoria by die Pilditch-stadion deelgeneem het. Tydens hierdie besondere byeenkoms het elke leerder hulle absolute beste gegee en die Vrystaat se naam hoog gehou. Die Vrystaat het vanjaar die derde plek op die podium behaal met 58 medaljes.

Die 14 atlete was: Kesia Nel, Cari Smit, Aneldi Bezuidenhout, Lea-Mé Pettit, Celesté Pienaar, Anabelle Bezuidenhout, Jemma Shepherd, Demaine Van Deventer, Omolemo Kalane, Morapedi Masejane, Gerhard Bossert, Reuben van der Walt, John-Dré Kotzé, Anru Erasmus, Mohammed Rasool en Hlompho Sehanka.

Tydens die byeenkoms het die volgende atlete die volgende prestasies behaal:

Demaine Van Deventer (D o/15) het 'n 3de plek in die 1500 m steeplechase behaal. Anabelle Bezuidenhout (D o/15) het 'n 4de plek in dieselfde item behaal, terwyl Aneldi Bezuidenhout (D o/15) 15de geëindig het in die 1500 m steeplechase. Hierdie drie atlete is 'n drieling en deel dieselfde passie vir atletiek en dra die skool se naam met trots.

Kesia Nel (D o/17) het 'n 7de plek in diskus en 'n 18de plek in gewigstoot behaal. Celesté Pienaar (D o/17) het 'n 4de plek in die 2000 m hindernis behaal. Cari Smit (D o/19) het 'n 6de plek in hamergooi behaal. Reuben van der Walt (S o/15) het 'n 4de plek in paalspring behaal, terwyl Anru Erasmus (S o/17) 'n 2de plek in paalspring behaal het.

Jemma Shepherd (D o/17) het 'n 4de plek in die 5000 m stap behaal en Hlompho Sehanka het 'n 7de plek in dieselfde item behaal.

In die span- en aflositems het Lea-Mé Pettit 'n 2de plek in die Swedish relay behaal en 'n 3de plek in die o/17 4x100 m-aflos. Morapedi Masejane en Mohammed Rasool het 'n 3de plek in die o/19 4x100 m-aflos behaal, terwyl Omolemo Kalane 'n bronsmedalje in die o/17 4x100 m-aflos verwerf het.

Terwyl die medaljes en uitslae die kollig steel, is dit die 14 atlete se deursettingsvermoë, dissipline en harde werk wat die ware oorwinning verteenwoordig. Hulle toewyding

# Mooi so, Wittebergers

Die ASA-kampioenskappe is 'n nasionale atletiekbyeenkoms vir geregistreerde klub- en onafhanklike atlete van regoor Suid-Afrika wat deur Athletics South Africa (ASA) gereël word. Die kampioenskappe bring die beste atlete van regoor die land bymekaar om teen mekaar mee te ding in verskeie baan- en velditems. Die ASA-kampioenskappe bied aan jong atlete die geleentheid om hul talent op die hoogste vlak te toon, waardevolle ervaring op te doen en hul provinsies met trots te verteenwoordig. Dit is 'n viering van harde werk, deursettingsvermoë, sportmangees en atletiese uitnemendheid.

Hierdie byeenkoms het vanjaar van 26 tot 28 Maart in Germiston plaasgevind, waar ons atlete merkwaardige prestasies behaal het.



Die volgende atlete het die volgende prestasies behaal:

Gerhard Bossert (S/O20) het aan die 3 000 m-hindernis deelgeneem en 'n 3de plek behaal.

Morapedi Masejane (S/O20) het aan die 110 m-hekkies deelgeneem en 'n 3de plek behaal. Hy was ook deel van die o.20-aflosspan, wat 'n 6de plek behaal het.

Rojandi Pretorius (D/O20) het aan hoogspring deelgeneem en 'n 8ste plek behaal.

Jemma Shephard (D/O20) het aan die 5 000 m-stap deelgeneem en 'n 6de plek behaal.

Celeste Pienaar (D/O18) het aan die 2 000 m-hindernis deelgeneem en 'n 3de plek behaal.

Demaine van Deventer (D/O16) het aan die 1 500 m-hindernis deelgeneem en 'n 4de plek behaal.

Annabelle Bezuidenhout (D/O16) het aan die 1 500 m-hindernis deelgeneem en 'n 7de plek behaal.

Aneldi Bezuidenhout (D/O16) het ook aan die 1 500 m-hindernis deelgeneem en 'n 11de plek behaal.

Hierdie atlete het op 'n hoë vlak van kompetisie deelgeneem en steeds uitgeblink. Die ASA-kampioenskap het weereens bewys dat sukses nie net aan medaljes gemeet word nie, maar ook aan die moed om teen die beste mee te ding. Ons atlete het hul alles gegee en die vrugte van hul harde werk gepluk. Ons sien met groot afwagting uit na hul toekomstige prestasies.

# Kampioene duik diep

ELMÉ SWANEPOEL

Witteberg se skitterende swemspan het gedurende die eerste kwartaal behoorlik die golwe laat spat. Met 'n span van ongeveer 20 toegewyde swemmers het ons leerders die skool met trots verteenwoordig en hul talent in verskeie kompetisies ten toon gestel.

Op 3 en 4 Februarie het die span aan die Noord-Vrystaat Skolegala in Kroonstad deelgeneem. Die leerders het uitstekende prestasies gelewer, met byna almal wat gekwalifiseer het om aan die Vrystaat Interhoër-skolegala in Bloemfontein deel te neem. Hierdie prestasie getuig van die harde werk, dissipline en toewyding wat die span aan die dag lê.

Sewe leerders – Anieke Prinsloo, Elmé Swanepoel, Eduan Swanepoel, Jemma Orsmond, Wihan Lemmer en nog twee spanmaats – het op 7 en 8 Februarie aan die bekende Midmar Mile deelgeneem. Hierdie uitdagende opewaterwedren vereis dat deelnemers 'n afstand van 1,6 km voltooi. Die groep het hulself uitstekend van hul taak gekwyt en waardevolle ervaring opgedoen.

'n Besonderse hoogtepunt was Elmé Swanepoel se betrokkenheid by die CHOC Cows, 'n organisasie wat fondse insamel vir kinders met kanker. Deur haar deelname het sy 'n indrukwekkende R10 000 ingesamel om hierdie waardige saak te ondersteun.

Van 18 tot 20 Februarie het agt Witteberg-swemmers aan die Vrystaat Interhoër-skolekompetisie in Bloemfontein deelgeneem. Hier het hulle meegeding teen van die provinsie se sterkste swemskole, waaronder Grey Kollege, Eunice en Oranje. Ten spyte van die strawwe kompetisie het die span uitstekend gevaar en met verskeie medaljes huis toe gekom.

Die leerders wat Witteberg by hierdie prestigebyeenkoms verteenwoordig het, was Henri Muller, Anieke Prinsloo, Janri Viljoen, Miné Joubert, Elmé Swanepoel, Eduan Swanepoel, Wian Nel, Rainardt Otto-Steenkamp en Jouka Fourie.

Die swemseisoen het nie geëindig toe die kwartaal verby was nie. Terwyl baie mense die vakansie geniet het, het Elmé Swanepoel, Anieke Prinsloo en Rainardt Otto-Steenkamp aan die SA Level 2-swemkampioenskappe deelgeneem vir Bethseals, die plaaslike swemklub. Hulle het uitstekend gevaar en verskeie podiumplekke behaal.

Jouka Fourie het op haar beurt aan die SA Level 3-kampioenskappe deelgeneem, waar sy ook indrukwekkende prestasies gelewer het. Haar deelname het nie net die swemklub nie, maar ook Hoërskool Witteberg baie trots gemaak.

Witteberg is besonder trots op elke swemmer wat die skool gedurende die seisoen verteenwoordig het.







# Season of success

TALITA VAN DER WALT

Witteberg's cricket teams showcased their talent throughout the past season with impressive victories over several opponents, including their arch-rivals, Voortrekker High School (BVHS). The highlight of the season was undoubtedly the first team's home-ground victory over BVHS by 51 runs in the annual derby.

Witteberg posted an impressive total of 285 runs, thanks largely to Xander Fourie's outstanding innings of 115 runs. The bowlers then maintained the pressure and restricted Voortrekker to 207 runs.

The U15A team also proved their strength in a thrilling match against Voortrekker. They secured a 17-run victory, with Mattias van Heerden and Wian Daacke making valuable contributions with the bat.

The season was further characterised by outstanding teamwork across all age groups. Several players delivered remarkable performances throughout the season, including Xander Fourie's century against Voortrekker and Dumesani Johnson, who was named the Free State's Junior Rural Cricketer of the Year.

Witteberg's successful season once again proves that Hoërskool Witteberg is one of the strongest rural cricket schools in the region.

# First Aiders the heroes behind the scene

ZOE SIVITER

I am sure the First Aiders are not the first thing you think of at your favourite rugby match, or as you are setting out for the derby. But spare a thought for this team that exists to watch out for your health and safety. Yes, Witteberg has 88 first aiders, and they are all trained in sports injuries and general injury treatment.

All of Witteberg's first aiders are qualified and are good at staying calm, doing the right thing, and never fainting at the sight of blood.

This year, they were all awarded badges for the first time by Bethlehem Noodhulp. This is because they have worked at least 10 hours per year on duty. We are all very grateful and enjoy working and learning from Bethlehem Noodhulp.

By mid-year, the First Aid team has been at every sport offered by the school. Whether it's a big rugby game, a tightly contested netball match, cheering on the cyclists, or making sure the hockey players don't injure someone permanently by wielding their sticks too wildly, they are always present. We all love grabbing our bags and rushing onto the field, knowing that we will be there as soon as possible to use our knowledge to assist that person and reassure them that they are going to be okay.

None of this would be possible without Mev. Elicia Visagie, who organises all of Witteberg's first aiders and makes sure that we are where we need to be.

supporters continued to encourage learners throughout the year.

Our school is extremely proud of all the learners who participated in tennis and golf this season. Their positive attitude, commitment, and school spirit have contributed greatly to the success of sport this year and continue to inspire younger learners to become involved. With such enthusiasm and talent on display, the future of tennis and golf at our school looks brighter than ever.






# Tennis and golf shine in 2026

MASEEHA SIVAI

Sport continues to be an important part of life at our school, and this year tennis and golf have once again brought excitement, pride, and success to learners and supporters alike. Throughout the season, learners showed dedication, discipline, and determination while representing the school in various competitions and matches.

The tennis teams worked hard during practices and league fixtures, displaying excellent teamwork and sportsmanship on the court. Players showed great improvement throughout the season and competed with confidence against strong opposition from schools across the Free State. The atmosphere during practices and match days reflected the passion and commitment that learners have for the sport, with teammates constantly encouraging one another to perform at their best.

Golf also enjoyed a successful year, with learners proudly representing the school at competitions and events. The golfers demonstrated patience, focus, and consistency while continuing to develop their skills and gain valuable experience. Their hard work and dedication throughout the season were clearly reflected in their performances and achievements.

Both sports have created opportunities for learners to grow not only as athletes, but also as individuals. Through tennis and golf, learners have developed leadership, perseverance, discipline, and strong friendships. Coaches and teachers played an important role in guiding and motivating the teams, while parents and supporters continued to encourage learners throughout the year.

Our school is extremely proud of all the learners who participated in tennis and golf this season. Their positive attitude, commitment, and school spirit have contributed greatly to the success of sport this year and continue to inspire younger learners to become involved. With such enthusiasm and talent on display, the future of tennis and golf at our school looks brighter than ever.







# Witteberg se fietsryers skitter

AMÉ POTGIETER

Witteberg se fietsryspan het die seisoen afgesluit met 'n reeks uitmuntende prestasies wat weereens hul status as 'n krag in skoolfietsry bevestig het.

In die onderskeie wedrenne het Inge van Heerden, Bronwyn du Preez en Danica Austin gereeld die podium oorheers met konsekwente en indrukwekkende vertonings. Waldo Burgers en Kyle Meyer het ook sterk vertonings in hul afdelings gelewer en hul plek tussen die span se voorste ryers bevestig.

Pedri Grobler het sy kategorie met selfvertroue gewen, terwyl AW Burgers die O/23-afdeling oorheers het met uitsonderlike krag en bestendigheid.

Op die pad het Ian Smith besonder baie aandag getrek toe hy die Vrystaatse padfietsreeks in Clarens gewen het en as algehele wenner oor die 80 km-roete geëindig het — 'n prestasie wat sy uithouvermoë en toewyding beklemtoon.

Witteberg is ook aangewys as die nommer 1-skool in beide XCO en XCM vir 2025, 'n bewys van die span se konsekwente prestasies oor verskeie dissiplines. Verder het die span 'n indrukwekkende 15de plek uit 126 skole by die SA Skole MTB-byeenkoms behaal.

Met sterk spangees, toegewyde afrigting en lojale ondersteuning bou die skool voort aan 'n trotse fietsrytradisie wat jaar ná jaar sterker word.

